



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 17 JULIE 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingdienste, mnr R Steyn
Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl Smit om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Kennis geneem van die verskoning ontvang vanaf die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 19 JUNIE 2024

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 19 Junie 2024 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 19 JUNIE 2024

5.1.1 ITEM 7.18: BEDRAG WERKLIK AFGESKRYF TEN OPSIGTE VAN DEERNISHUISHOUDINGS EN ANDER ONINVORDERBARE SKULDE (5/7/3)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 19 Junie 2024 in beginsel goedkeuring verleen vir die afskrywing van oninbare skulde, onderhewig daaraan dat na die afhandeling van alle aksies, die werklike bedrae voorgelê sal word.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings R4 924 443,58 beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde R1 036 998,43 beloop;
- (b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat
 - (i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 7 van die Deernisbeleid); of
 - (ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of
 - (iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;
- (c) Dat kennis geneem word dat indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. 'n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

6. MAANDVERSLAG: MEI 2024

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 4 word ingesluit in die artikel 52 MFMA-verslag wat op 25 Julie 2024 aan die Raad voorgelê sal word, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direktorate.]

6.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste behandel enkele aspekte uit die maandverslag. Daar word, onder andere, genoem dat die munisipale grond aangrensend tot die Highlands Stortingsterrein as deel van die projek om 'n nuwe sel te ontwikkel, ontbos sal word en ontoeganklik gemaak sal word vir voderapers.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktooraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2024.

6.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste behandel die maandverslag en noem dat die vermindering in beurtkrag 'n effek op die maksimum aanvraag het, maar dat daar nog geen risiko's ten opsigte van oorskryding is nie.

Slegs 113 meters in die munisipale gebied is nog uitstaande wat as deel van die TID-projek omgeskakel moet word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem/...

6.2/...

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2024.

6.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vermeld die vordering met die behuisingsprojekte en dat daar 'n nuwe kontrakteur, Exeo Khokela Construction, aangestel is vir die nuwe behuisingsprojekte (De Hoop, Malmesbury en Moorreesburg).

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste spreek haar kommer uit dat die staking wat tans ervaar word by die De Hoop, Malmesbury behuisingsprojek 'n effek kan hê op die nakoming van teikens en kontantvloei.

Die staking behels 'n dispuut tussen die werkers en Asla rakende die EPWP-loon wat deur Asla betaal word. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat Asla by magte is om die projek onder die EPWP-program ingevolge die Behuisingskode te registreer. Asla het ook die nodige vrystelling vanaf die Bedingingsraad verkry om die EPWP-loon te betaal.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste ten opsigte van Mei 2024.

6.4 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.4.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS

6.4.2 BRANDWEERDIENSTE

Die Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste hou enkele hoogtepunte uit die verslag voor, onder andere, die goeie werk deur die K9 en LEAP-eenheid en veldtogte teen onwettige rommelstrooi.

Die Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste noem dat 'n vergadering met HDA plaasgevind het om lg. daarop te wys om sekuriteitsdienste by Vetkoekheuwel, Riverlands op te skerp, aangesien daar gereelde pogings om onwettig grond te beset, plaasvind.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste ten opsigte van Mei 2024.

7. NUWE SAKE

7.1 JAARVERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIËLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2024 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2024 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag insake die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid gedurende die 2023/2024 finansiële jaar ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

7.1/...

- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2024 tot 30 Junie 2024 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D). Kennis moet geneem word dat betalings nog in die 2023/2024 finansiële jaar gefinaliseer moet word en sal enige verskille ten opsigte van Kwartaal 4 ingevolge wetgewing in die volgende kwartaalverslag vermeld word, onderhewig aan die transaksies/syfers wat die volledigheid van die finansiële state mag beïnvloed.

7.2 KWARTAALVERSLAG OOR DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/2)

Die verslag insake die kwartaallikse prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan Artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasië-indikator van die Munisipale Bestuurder.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag insake die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 April 2024 tot 30 Junie 2024.

7.3 (1) HERSKEDULERING VAN WYKSKOMITEEVERGADERINGS; (2) VERGOEDING VAN WYKSKOMITEELEDE (3/4/4/B)

Die 2024 vergaderingskedsule is in Augustus 2023 deur die Raad goedgekeur waarop, onder andere, die vergaderings van die onderskeie wykskomitees geskeduleer is. Met die opstel van die 2025 vergaderingskedsule is daar geleentheid om te besin oor die frekwensie van wykskomiteevergaderings.

Die wykskomiteelede word 'n sittingsfooi betaal vir die bywoning van vergaderings en daarom moet die vergoeding heroorweeg word indien daar 'n wysiging in die frekwensie van die vergaderings is.

BESLUIT1

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat goedkeuring verleen word om die wykskomiteevergaderings met ingang van die 2024/2025 finansiële jaar op 'n kwartaallikse basis te hou;
- (b) Dat goedkeuring verleen word om wykskomiteelede op die volgende basis te vergoed:
- (i) R750,00/vergadering as sittingsfooi vir die bywoning van kwartaallikse vergaderings en R3,50/km indien daar verder as 10 km na 'n vergadering gereis word; en
 - (ii) R250,00/vergadering as sittingsfooi en R3,50/km indien daar verder as 10 km na 'n vergadering gereis word vir die bywoning van blokvergaderings in die geografiese area wat die lid verteenwoordig of waar versoek word dat die wykskomiteelid as verteenwoordiger van die Raad 'n vergadering bywoon, onderhewig aan die voorlegging van die nodige bewyse;
- (c) Dat die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees dienooreenkomstig gewysig word vir voorlegging aan die Raad op 25 Julie 2024.

7.4 KENNISGEWING VAN ONTTREKKING VAN SINETHEMBA: DIENSLEWERING VIR DIE BESTUUR VAN DIE DAHLIA-HUIS TE MALMESBURY (12/1/3/1-8/1)

Daar is in Julie 2023 besluit om die Dahlia-huis te Malmesbury beskikbaar te stel aan Sinethemba deur middel van 'n huurooreenkoms vir die bedryf van 'n Gemeenskapsorgsentrum vir slagoffers van huishoudelike geweld, verkragting en mishandeling.

7.4/...

Die Munisipaliteit het begin met opgraderings aan die gebou en in Oktober 2023 is Dahlia-huis beskikbaar gestel vir die slagoffers van huisbrande wat nie 'n ander heenkome gehad het nie.

Sinethemba het die Munisipaliteit in kennis gestel dat hulle aansoek om befondsing by die Departement van Maatskaplike Dienste vir die bedryf van die Dahlia-huis nie suksesvol was nie.

Die Direkoraat: Ontwikkelingsdienste stel voor dat die Gemeenskapontwikkelings-beampte en drie EPWP-werkers se kantoor vir die interim skuif na die Dahlia-huis om te verseker dat GBVF-programme ondersteun word en die Dahlia-huis operasioneel word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterkomitee kennis neem van die plan van aksie en finansiële implikasies ten opsigte van die bestuur van die Dahlia-huis as 'n GBVF-sentrum;
- (b) Dat daar monitering en evaluering van die GBVF Gemeenskapontwikkelings-beampte en EPWP-werkers se implementeringsplan na ses maande gedoen word om leemtes aan te spreek;
- (c) Dat daar geadverteer word vir die aanwys van 'n organisasie wat GBVF-dienste kan lewer en vir die bestuur van die Dahlia-huis;
- (d) Dat daar 'n drie jaar huurooreenkoms met die suksesvolle organisasie gesluit word vir die bestuur van die Dahlia-huis.

7.5 VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN MUNISIPALE GEBOU, ERF 1217 ABBOTSDALE, GELEë IN SONNEBLOMSTRAAT (12/1/3/1-1/1)

Daar is 'n huurooreenkoms met Sinethemba NGO met ingang van 1 Maart 2024 tot 28 Februarie 2025 aangegaan vir die aanbod van gemeenskapsontwikkelingsdienste uit die gebou geleë op Erf 1217, Abbotsdale.

Sinethemba NGO het die Munisipaliteit in kennis gestel dat die kantoorakkommodasie nie langer nodig word nie, aangesien daar nie amptenare vanaf die voormelde NGO op Abbotsdale werksaam is nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur Rdl T van Essen)

- (a) Dat kennis geneem word van die kansellering van die huurooreenkoms tussen die Munisipaliteit en Sinethemba NPO weens die feit dat hul geen werkers het wat die area van Abbotsdale van gemeenskapsontwikkelingsdienste kan voorsien nie;
- (b) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte van die munisipale gebou, geleë op Erf 1217 Abbotsdale, Sonneblomstraat, by wyse van 'n versoek vir voorstelle deur gemeenskapsontwikkelings- organisasies, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:
 - (i) Dat die versoek vir voorstelle in die pers geadverteer word, waarin alle belangstellende gemeenskapsorganisasies die geleentheid gebied word om voorstelle in te dien vir die voorgestelde gebruik;
 - (ii) Dat die voorstelle in samewerking met die munisipale Gemeenskapsontwikkeling Departement geëvalueer word, waarna 'n verslag ten opsigte van die allokasie vir die voorgestelde verhuring vir finale goedkeuring aan die burgemeesterskomitee voorgelê sal word vir oorweging;
 - (iii) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van een jaar sal duur;

7.5/...

- (iv) Dat 'n huurbedrag van R120.00 per jaar (BTW uitgesluit) betaalbaar sal wees asook betaling vir diensteverbruik; en
- (v) Dat die munisipale gebou slegs vir die voorsiening van 'n gemeenskaps-ontwikkelingsdiens aangewend word en vir geen ander doel.

7.6 VOORGESTELDE VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM, ERF 4400 DARLING, GELEë IN COLESTRAAT AAN DARLING OUTREACH FOUNDATION (083-548-NPO) VIR GEMEENSKAPSONTWIKKELING DOELEINDES (12/1/3/1-3/1)

Die munisipale gebou geleë op Erf 4400, Darling word al vir 'n geruime tyd aan Darling Outreach Foundation verhuur wat dit as 'n meerdoelige sentrum ten bate van die gemeenskap bedryf.

Die huurtermyn verstryk op 31 Julie 2024.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) In terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die verhuring van die munisipale gebou, bekend as die Darling Fokus gebou, geleë op Erf 4400 Darling aan die Darling Outreach Foundation NPO, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:
 - (i) Dat die verhuring vir 'n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 Augustus 2024 – 31 Julie 2027;
 - (ii) Dat 'n huurbedrag van R120.00 per jaar (BTW uitgesluit) betaalbaar sal wees asook betaling vir diensteverbruik;
 - (iii) Dat die munisipale gebou slegs as 'n veeldoelige gemeenskapsentrum aangewend word en vir geen ander doel; en
 - (iv) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die instandhouding van die gebou.

7.7 VERHURING VAN SPORTFASILITEITE, GELEë OP ERF 42, MOORREESBURG AAN DIE MOORREESBURG SPORTFORUM (17/9/2/2/2-9)

Die Munisipaliteit is die eienaar van etlike sportfasiliteite geleë op Erf 42, Moorreesburg, waaronder die muurbalbaan met klubhuis, agt gekombineerde tennis-/netbalbane en die duiweklubfasiliteite.

Die netbal- en tennisfasiliteite kan egter nie in isolasie aan die onderskeie klubs verhuur word nie, omdat dit gekombineerde fasiliteite is wat onder andere deur die skole en die onderskeie klubs gebruik, en dus gesamentlik bestuur moet word.

Daar is onlangs met die Moorreesburg Sportforum vergader om die maandelike verhuring van die fasiliteite aan die forum te oorweeg en 'n geleentheid aan die forum te gee om die fasiliteite te bestuur en 'n inkomste daaruit te genereer vir die instandhouding daarvan.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n huurooreenkoms met die Moorreesburg Sportforum gesluit word vir 'n periode van drie jaar ten opsigte van die netbal-, tennis- en muurbalbane met gepaardgaande klubhuise, geleë op Erf 42, Moorreesburg;
- (b) Dat die huurbedrag vasgestel word op R120.00 per jaar, BTW uitgesluit;
- (c)/...

7.7/...

- (c) Dat die ooreenkoms daaraan onderhewig sal wees dat die Moorreesburg Sportforum verantwoordelikheid aanvaar vir die instandhouding van die onderskeie bane (binne- omheinings), binne-instandhouding van geboue, asook die koördinerende van besprekings, en dat die Munisipaliteit slegs verantwoordelikheid aanvaar vir die buitekant van geboue asook instandhouding van die buite-omheinings van die bane;
- (d) dat die ooreenkoms verder daaraan onderhewig sal wees dat (1) die gebruik van die geriewe tot sportverwante aktiwiteite beperk word; (2) dat die Forum nie fooie van die klubs mag verhaal wat meer beloop as die fooie wat jaarliks deur die Raad neergelê word vir die gebruik van sportgeriewe en sportklubhuise nie; en (3) dat die Forum op 'n sesmaandelikse grondslag aan die Munisipaliteit verslag doen oor sy inkomste en uitgawes ten opsigte van die verhuurde geriewe.

7.8 VOORGESTELDE VERHURING VAN DIE MUNISIPALE ROLBALFASILITEITE GELEË OP 'N GEDEELTE VAN ERF 1528 (DIEPRIVIER SPORTGRONDE), MALMESBURY AAN DIE ROLBALKLUB (17/9/2/2-8)

Die huurooreenkoms met die Malmesbury Rolbalkklub vir die huur van die rolbalfasiliteite by die Dieprivier Sportgronde, Malmesbury het verstryk en is dit nodig om die huurooreenkoms met ingang van 1 Julie 2024 te hernu.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) In terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die verhuring van die munisipale rolbalkklub fasiliteit, insluitend die klubhuis, geleë op 'n gedeelte van Erf 1528 (Dieprivier Sportgronde) aan die Malmesbury Rolbalkklub, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:
 - (i) Dat die verhuring vir 'n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 Julie 2024 – 30 Junie 2027;
 - (ii) Dat 'n huurbedrag van R120.00 per jaar (BTW uitgesluit) betaalbaar sal wees asook betaling vir diensteverbruik; en
 - (iii) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die instandhouding van die fasiliteit.

7.9 VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 327, KLIPKOPPIE, MALMESBURY AAN IHS TOWERS SOUTH AFRICA (PTY) LTD (VORIGE HUURDER MTN) VIR TELEKOMMUNIKASIE DOELEINDES (12/2/4-8/4)

Die selfoonmaatskappy, MTN, huur sedert Januarie 2015 'n gedeelte van Erf 327, Klipkoppie, Malmesbury vir telekommunikasie infrastruktuur.

'n Sessie van regte is deur MTN aan IHS Towers South Africa (Pty) Ltd toegestaan en is die huurooreenkoms derhalwe deur Ig. oorgeneem. IHS Towers South Africa (Pty) Ltd het die aansoek gedoen om die huurooreenkoms te hernu.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die sessie van regte van MTN na IHS Towers South Africa (Pty) Ltd;
- (b) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die huur ten opsigte van 'n gedeelte van Erf 327, Klipkoppie, Malmesbury, ongeveer 140m² groot, aan IHS Towers South Africa (Edms) Bpk, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:

7.9(b)/...

- (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 Januarie 2025 tot 31 Desember 2027;
- (ii) Dat die opsie om te hernu nie ingesluit word in die huurooreenkoms nie;
- (iii) Dat 'n huurbedrag van R4 756.40 per maand (10% eskalasie per jaar) (BTW uitgesluit) betaalbaar gaan wees deur die huurder asook elektrisiteitsverbruik;
- (iv) Dat die eiendom slegs aangewend word vir telekommunikasiedoeleindes en vir geen ander doel nie; en
- (v) Dat die huurder moet verseker dat die huurder se infrastruktuur/installasie nie enige ander huurder of die verhuurder se installasie belemmer of steurings veroorsaak nie en aan die nodige veiligheidsstandaarde moet voldoen.

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: JUNIE 2024 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die uitstaande debiteure drasties kan groei oor die volgende paar jaar weens die Departement van Infrastruktuur se versnelde behuisingsprojekte.

Alhoewel die toekennings deur die Departement van Infrastruktuur vereis dat watervloei- en bepekingstoestelle by behuisingsprojekte geïnstalleer moet word, sal daar ook na ander meganismes gekyk moet word vir doeltreffende skuldbestuur.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Junie 2024.

7.11 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 Junie 2024 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: AANSTEL VAN ARGITEK (8/1/B/2)

Daar is op tender uitgegaan vir die veranderings en opgraderings van die munisipale kantore waar, onder andere, die kassiere en kredietbeheerafdeling gehuisves was.

Gedurende die projek is die uitbreiding van die tender genoodsaak as gevolg van addisionele werk wat eers na vore gekom het met die afbreek van die bestaande kantoormure.

Die uitbreiding van die konstruksiewerke het ook die uitbreiding van professionele dienste tot gevolg gehad.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a)/...

7.12/...

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die goedkeuring te verleen vir die aanstelling van *Checker Flag Architects* om verdere argitektoniese dienste te lewer as gevolg van die uitbreiding van die konstruksiewerke onder Tender T29.23.24 ten bedrae van R44 462,06 (BTW uitgesluit)
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses aangeteken word as:
 - (i) die aanstelling van enige ander argitek as onprakties beskou word, aangesien *Checker Flag Architects* reeds onder tender T29/23/24 aangestel was;
 - (ii) die uitbreiding van die konstruksiewerk onder tender T29/23/24 die addisionele aanstelling van die bestaande argitek genoodsaak het;
 - (iii) die aanstelling van die bestaande argitek noodsaaklik was ten einde te verseker dat die uitgebreide tender T29/23/24 suksesvol volvoer word;
- (d) Dat die uitgawe van R44 462,06 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/217-650-406 verreken word en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYINGPROSEDURES: AANSTEL VAN BOUREKENAAR (8/1/B/2)

[Sien aanhef tot Item 7.12].

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die aanstelling van *OAQS Quantity Surveyors* goed te keur om verdere boutekenaar-dienste te lewer as gevolg van die uitbreiding van die konstruksiewerke onder Tender T29.23.24 ten bedrae van R33 395,00 (BTW uitgesluit)
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses aangeteken word as:
 - (iv) die aanstelling van enige ander argitek as onprakties beskou word, aangesien *OAQS Quantity Surveyors* reeds onder tender T29/23/24 aangestel was;
 - (v) die uitbreiding van die konstruksiewerk onder tender T29/23/24 die addisionele aanstelling van die bestaande boutekenaar genoodsaak het;
 - (vi) die aanstelling van die bestaande boutekenaar noodsaaklik was ten einde te verseker dat die uitgebreide tender T29/23/24 suksesvol volvoer word;
- (d) Dat die uitgawe van R33 395,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/217-650-406 verreken word en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 SLUITING VAN KANTORE AS BLYK VAN WAARDERING VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT SE PRESTASIE (2/6)

Swartland Munisipaliteit is vroeër die jaar deur 'n onafhanklike navorsingsmaatskappy, Good Governance Africa, aangewys as die beste munisipaliteit in die land.

7.14/...

Swartland Munisipaliteit is ook gedurende die jaarlikse "Service Excellent Awards" wat deur Provinsie aangebied word, as die beste munisipaliteit in die Wes-Kaap aangewys.

Voormelde is indrukwekkende prestasies, veral omdat dienslewering en goeie bestuur as van die aanwysers in ag geneem is en 'n weerspieeling is van elke werknemer se harde werk.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat, as blyk van waardering vir die bogemelde prestasies, goedkeuring verleen word dat die munisipale kantore op Vrydag, 27 Desember 2024 mag sluit vir die dag;
- (b) Dat hierdie 'n eenmalige vergunning is en dat dit glad nie 'n verwagting met die oog op volgende jare moet skeep nie;
- (c) Dat kennisgewings by al die betaalpunte in die munisipale gebied en op die webtuiste aangebring word om van die sluiting van kantore kennis te gee;
- (d) Dat, met hierdie vergunning, oortyd betaal word vir tye gewerk teen die Saterdagtarief.

7.15 TERUGVOERING OOR DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE SWARTLAND GEMEENSKAPVEILIGHEIDSFORUM (17/5/R)

Die Verkeer- en Wetstoepassingsdienste van die Munisipaliteit volg 'n geïntegreerde benadering om veiligheid binne die munisipale gebied aan te spreek.

Die Swartland Gemeenskapveiligheidsforum is in 2017 geïnisieer in 'n poging om samewerking tussen alle rolspelers in die veiligheidsektor te verseker om misdaad in die Swartland munisipale gebied op 'n multi-dissiplinêre benadering aan te spreek.

Die verslag tot die sakelys bevat 'n opsomming van die bedrywighede van die Swartland Gemeenskapveiligheidsforum.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag en vordering wat gemaak word deur die Swartland Gemeenskapveiligheidsforum vir die period 1 Julie 2023 tot 30 June 2024;
- (b) Dat kennis geneem word dat die Swartland Gemeenskapveiligheidsforum op 'n kwartaallikse basis byeenkom.

7.16 SAMESTELLING VAN PLAASLIKE ARBEIDSFORUM VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT (4/2/4)

Die Plaaslike Arbeidsforum se samestelling is ooreenkomstig paragraaf 11.8.1 van die Hoof Kollektiewe Ooreenkoms hersien ten einde gelyke verteenwoordiging van vakbonde en werkgewer te verseker.

Die aantal werknemers van Swartland Munisipaliteit wat aan 'n erkende vakbond behoort soos op 30 Junie 2024 is 610 in totaal. Die Hoof Kollektiewe Ooreenkoms bepaal dat die samestelling van die Plaaslike Arbeidsforum moet verhoog na 10 lede aan 'n kant.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat rdl D G Bess aangewys word tot die Plaaslike Arbeidsforum as addisionele lid en dat rdl A K Warnick as 1ste sekunde en rdh T van Essen as 2de sekunde aangewys word.